

HOE OM BOME TE PLANT EN 'N GROENTETUIN AAN TE LÊ



HOAP

PAMFLETTE MET RAAD VIR DIE HUISEIENAAR



HOE OM 'N TUIN AAN TE LÊ




Om 'n tuin aan te lê kan jou daaglikse omgewing aangenamer maak, en dis nie noodwendig duur nie. Om jou tuin uit te lê, beteken dat jy goed beplan waar en hoe jy bome, struikie, kruie en groente wil plant. Tuinmaak is maklik as jy dit goed beplan en voorberei.

Jy kan bv. bome en struikie as "skerms" of heinings plant om deure, vensters en oop ruimtes te beskerm teen koue winde, reënval, sonskyn of vlae sand. Bladwisselende bome verloor hul blare in die herfs en laat die sonskyn deur in die winter, terwyl dit jou huis in die somer kan beskerm teen die son en die wind.

Bome en struikie verhinder ook dat sand wegwaai of wegspoel, en dit beskerm dus jou erf teen stof en erosie. Bome en struikie kan ook jou erf beskerm teen nuuskierigheid of lawaai van jou bure se kant.

'n Groentetuin het baie aandag nodig, en dit is dus belangrik om die regte plek te kies. Beskerm jou tuin teen die wind en teen diere (jy moet dalk 'n heining opsit). Plant die groente in 'n sonnige area naby die huis, sodat jy dit maklik kan versorg.

VOORDAT JY BEGIN: BEPLAN!



Voordat jy begin is daar 'n paar sake waarvoor jy mooi moet dink:

1. Watter tipe grond het jy op jou erf?

- Sanderig - dit is wit of gelerig en voel grof tussen jou vingers, soos suiker. Sanderige grond is nie baie vrugbaar nie en kan maklik uitdroog.
- Kleigrond - dit voel soos poeier as dit droog is en klewerig as dit nat is. Kleigrond is gewoonlik nie baie vrugbaar nie en word baie hard as dit droog is.
- Leemgrond - dit voel soos 'n mengsel van sanderige grond en kleigrond. Leemgrond is gewoonlik nogal vrugbaar en hou die water goed.

2. Hoe is die klimaat in jou area?

Vra jou bure as jy nog nie lank in die buurt bly nie.

- Wat is die droogste tyd van die jaar? Dit is die tyd wanneer jy die tuin die meeste sal moet natlei.
- Watter tyd van die jaar is dit baie winderig? Hoe sterk en uit watter rigting waai die wind? Aan watter kant kom die son op, en aan watter kant gaan dit onder? Dit sal vir jou 'n aanduiding gee waar om jou tuin aan te lê.

3. Kyk 'n slag mooi na jou erf.

Watter areas moet jy oophou vir 'n oprit (driveway) en vir wasgoeddrade?



DIE BELANGRIKSTE RAAD IS:

- In die droë seisoen het bome en struik e een keer per week water nodig.
- Maak seker dat bome in hul eerste jaar goed gesteun word.
- Groente en kruie moet tydens die droë seisoen elke dag water kry.
- Versorg die grond gereeld goed met bladaarde (mulching).
- Werk kompos in die grond elke keer as jy iets plant.
- Verwyder onkruid en dooie plante.



HOE OM DIE KWALITEIT VAN JOU GROND TE VERBETER

Gebruik die volgende middele en metodes om die kwaliteit van jou grond te verbeter:

- **Bladaarde (mulch)**

In die natuur is die grond bedek met droë, dooie gras en blare (bladaarde). Dit hou die grond op sy plek en beskerm dit teen die son. Dit hou die grond ook vogtig. Jou tuin het dieselfde beskerming nodig. Maak soveel dooie gras en blare bymekaar as moontlik en versprei dit in 'n dik laag oor jou plante.

- **Kompos of ou mis (hoender-, kraal- of perdemis)**

Dit help die plante om gesond en vinnig te groei. Dit help om kleigrond los te maak, en dit help sanderige grond om water beter te behou. As die mis vars is, meng dit met bladaarde (mulch). Kompos is die oplossing vir die meeste grondprobleme.

- **Water**

Plante groei die beste as die grond goed met water versorg is. Gee die grond genoeg water sodat dit diep kan wegsink. Jy kan skottelgoedwater of wasgoedwater vir jou plante gebruik.

HOE OM TE PLANT - STAP VIR STAP

BOME EN STRUIKE

Daar groei baie verskillende soorte bome en struik in Suid-Afrika, en baie mense weet hoe om dit te plant en te benut. Dit is gewoonlik die beste oplossing om inheemse (plaaslike) soorte te gebruik, want dié bome en struik is gewoon aan die plaaslike grond en klimaat. Inheemse plante het gewoonlik ook nie soveel water nodig nie. Jy kan plante van jou plaaslike kwekery kry of van gemeenskapsorganisasies, vriende en bure of tydens Boomplantweek (Arbor Week) wanneer daar plante aan mense uitgedeel word sodat woongebiede groener kan lyk. Vra die verteenwoordigers van jou gemeenskap (raadslede ens.) hieroor uit.



1. Grawe 'n gat as jy 'n boom of 'n struik wil plant - vir 'n groot boom of struik ('n ouer plant) moet die gat kniediep wees en omtrent die helfde so breed as jou graaf. Vir 'n kleiner (jonger) plant moet die gat omtrent vier keer so groot wees as die wortelsak van die plant.
2. Vul die helfde van die gat met ou mis of kompos, en die res met grond. Meng alles goed, en maak seker daar is genoeg plek oor vir die wortels van die plant.
3. Neem die boom of struik uit die sak en maak die wortels versigtig los.
4. Plant die boom of struik nou in die middel van die gat. Plant dit diep genoeg om die wortels heeltemal te bedek.
5. Druk die grond rondom die wortels nou versigtig vas, en maak 'n klein walletjie of kom rondom die plant - dit sal help wanneer jy die plant water gee of dit natlei.
6. Bind die plant aan 'n paal of stok vas om dit te steun en regop te hou.
7. Bedek die grond rondom die plant met bladaarde (mulch), en gee die plant nou genoeg water.



GROENTE EN KRUIE

1. Verwyder alle gras en onkruid van die plek waar jy wil plant.
2. Versprei nou 'n laag kompos of mis oor die plek. Dit moet minstens so diep wees soos wat jou arm dik is.
3. Werk die kompos met jou tuinvurk in die grond in tot effens dieper as wat die punte van jou tuinvurk lank is.
4. Maak die area gelyk en glad.
5. Gooi die area goed nat voordat jy plant.
6. Bedek die grond met 'n diep laag bladaarde (mulch).
7. Maak gate in die bladaarde (mulch) en plant die saad of die saaiplante (seedlings) daarin.
8. Maak seker dat jy die plantjies elke dag goed natgooi.

WENKE:

- Plant kruie tussen die groente - dit beskerm die groente teen insekte en ander plae.
- Gooi die plante gereeld nat, verkieslik in die vroeë oggend.
- Verbeter die kwaliteit van die grond met kompos of ou mis elke keer as jy plant.
- Maak seker dat die grond goed bedek bly met bladaarde (mulch).
- Verwyder onkruid voordat dit blom en saad skiet.



LEES OOK DIE ANDER PAMFLETTE OOR:

- Hoe om jou huis warm te hou
- Besparings en huishoudelike finansies



CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Gepubliseer by Development Action Group
101 Laer Hoofweg, Observatory, 7925
Tel: (021) 448-7886 • Faks: (021) 447-1987